# Geopende *Deure* NUUSBRIEF

Vervolg — Maar nooit alleen.




**Sien hoe jou gebede en geskenke vervolgde Christene in 2019 bemoedig het**

Bl. 5

**JULIE/ AUGUSTUS 2020**

Jy help om Noord-Koreaanse Christene aan die lewe te hou, bl. 2 | Christene demonstreer Christus se liefde – danksy jou, bl. 3 | Samson ervaar vreugde weens sy geloof in Jesus, bl. 4 | Impakverslag, bl. 5–10 | 60-sekonde getuienisse, bl. 11

# Jy help om Noord-Koreaanse Christene aan die lewe te hou



Verteenwoordigende foto gebruik.

Hoewel die wêreld in die COVID-19-pandemie se greep is, het Noord-Korea nog geen gevalle gerapporteer van mense wat met die virus besmet is nie. Intussen bly dié land afgesonder van die wêreld in ŉ desperate poging om nie die virus "in te voer" nie.

Die impak van ŉ pandemie soos hierdie sal rampspoedig wees vir landsburgers wat alreeds in haglike omstandighede leef onder die regime, en hongersnood en ŉ swak gesondheidstelsel ervaar.

Kim Sang-Hwa* weet goed hoe die lewe in Noord-Korea is, veral vir Christene. Sy was slegs twaalf toe sy haar ouers se geloof ontdek het en die gevaarlike besluit geneem het om hulle nie aan die owerhede te rapporteer nie. Sy het ŉ geheime gelowige geword en by die ondergrondse Kerk aangesluit.

Ons het haar gevra hoe dit is om ŉ geheime gelowige in hierdie land te wees, en sy sê:

*"Waar ek nou bly, kan ek kies of ek wil kerk toe gaan. Dis egter heeltemal anders in Noord-Korea. Jy gee jou lewe prys as jy Jesus volg. Jy moet elke dag gereed wees om vir jou geloof te sterf."*

Honderde Noord-Koreaanse Christene dien Christus op ŉ daaglikse basis, ongeag van die prys wat hulle betaal. Hulle sukkel egter om te oorleef, aangesien hulle voedseltekorte ervaar omdat dit moeilik is om iets so eenvoudig soos rys in die hande te kry. *"Dis dikwels onmoontlik om regte rys in Noord-Korea te kry – altans nie waar ek gebly het nie. Die meeste rys gaan na Pyongyang."*

Voedsel is noodsaaklik om die Kerk lewendig te hou, omdat hulle selfs in die mees vyandige en gevaarlike omstandighede daarmee kan floreer.

Gelukkig kan ons deur ons netwerke in China en jou ondersteuning noodsaaklike hulp aan Noord-Koreaanse Christene verskaf.

*"Ons is dankbaar dat jy ons nie in jou gebede vergeet nie,"* sê ŉ Noord-Koreaanse kerkleier. *"Ons het ŉ gesegde dat ŉ huis 800 goudstukke kos, maar dat ŉ goeie buurman 1 000 goudstukke werd is. Wat jy vir ons doen, is egter meer as 10 000 goudstukke werd. Ons is so dankbaar dat God jou ons broer of suster gemaak het."*

Dankie vir jou volgehoue gebede en ondersteuning vir ons broers en susters in Noord-Korea. Jou ondersteuning is ontsettend belangrik om duisende families te voed en die Kerk lewendig te hou. En jou gebede help hulle om sterk te staan – ondanks uiterste vervolging en die nuwe verhoogde risiko vir hulle lewens weens die pandemie.

*Naam verander vir sekuriteitsredes.




# Samson ervaar vreugde weens sy geloof in Jesus

Samson* (60) en sy familie het vir jare in Boeddha geglo en hul bes probeer om "goed" te wees. *"Toe ek ŉ Boeddhis was, het ek talle goeie dinge gedoen. Ek het gedink ek is goed genoeg om verlossing te ontvang,"* deel Samson.

Toe ŉ pastoor in 2017 die Goeie Nuus oor Jesus met Samson gedeel het, het hy besef dat hy nie sy eie verlossing kan verdien nie. Samson en sy familie het hul lewens vir Jesus gegee, maar daar was ernstige gevolge.

Kort na hul bekering het ŉ skare mense hul huis omsingel, dit met klippe gegooi en probeer om hulle lewendig binne-in die huis te verbrand. *"Julle beter doodgaan, of ons sal julle doodmaak. Ons sal julle verbrand!"* het hulle geskreeu.

Gelukkig het Samson en sy familie dié beproewing feitlik ongedeerd oorleef. *"Hoewel ons vervolg is, is ons nie doodgemaak nie."* Ondanks alles wat gebeur het, sê Samson: *"Ek het vrede en vreugde, en is gelukkig. Dit is my Christelike lewe."*

Bid vir beskerming en lewensmiddele vir talle gelowiges soos Samson in Asië, wat in gevaar is omdat hulle Christene is. Bid vir vertroosting en skuiling, en dat Geopende Deure se plaaslike vennote diegene kan bereik wat ondersteuning die nodigste het.

*Naam verander vir sekuriteitsredes.

# Christene demonstreer Christus se liefde – danksy jou

In Asiatiese lande waar die belangrikste geloof Boeddhisme of animisme is, word geglo dat Christene slegte karma bring of die geeste kwaad maak weens hul geloof.

In Laos, waar kommunisme, Boeddhisme en animisme tegelykertyd beoefen word, word Christenskap as ŉ godsdiens van Amerika en vyand van die land gesien. Toe Anya en talle ander mense in sy kommunistiese dorp hul lewens vir Christus gegee het, is hulle dus as verraaiers gebrandmerk.

Talle mense is in die tronk gegooi, insluitende Anya en sy pa. Sommige is aan mekaar vasgeboei en in die skroeiende son gelos. *"Een Christen is met ŉ tou vasgebind en onderstebo aan ŉ boom opgehang. Die soldate het groot rooimiere oor sy liggaam gegooi. Hy is vir sowat ŉ uur opgehang,"* sê Anya.

In lande soos Sri Lanka, Bhoetan en Mianmar, waar animisme nie van Boeddhisme geskei kan word nie, word Christene ook met vyandigheid bejeën.

In Mianmar het pastoor Joshua* byvoorbeeld in gevaar beland omdat hy die Evangelie gedeel het. Pastoor Joshua, wat uit ŉ animistiese agtergrond kom maar tussen baie Boeddhiste grootgeword het, het al baie mense tot geloof gebring met sy bediening. Almal is egter nie gelukkig daaroor nie.

Hy het die Evangelie met Mimi*, ŉ Boeddhistiese hoëpriesteres en geestes-aanbidder, gedeel. Toe sy haar lewe vir Christus gegee het, het haar man pastoor Joshua met ŉ mes probeer steek. Hy moes vlug vir sy lewe. Hy moes al dikwels in die verlede vlug omdat mense hom wou doodmaak oor hy die Evangelie deel.

Danksy jou ondersteuning kan Anya en pastoor Joshua die liefde van Christus prakties demonstreer aan diegene rondom hulle. Anya het opleiding ontvang as ŉ gesondheidsorg-vrywilliger, wat hy gebruik om mense in sy stam te help. Jou ondersteuning het pastoor Joshua gehelp om vervolgingsvoorbereidheid-opleiding te ontvang en ŉ gesertifiseerde vervolgingsvoorbereidheid-opleier te word. Hy kan dus aan ander vervolgde gelowiges belangrike Bybelse vaardighede leer om vervolging te verduur.

Dankie! Hou asseblief aan om by gelowiges soos Anya en pastoor Joshua in Asië en elders te staan.

*Name verander vir sekuriteitsredes.



## Wat is animisme?

**Animisme is die geloof dat lewelose voorwerpe en plekke in die natuur geeste het. Volgelinge van hierdie geloof aanbid en bring offers aan geeste wat hulle glo in rotse, riviere, bome ens. bly.**

Verteenwoordigende foto gebruik.

# 2019-IMPAKVERSLAG



**"Dink aan… dié wat mishandel word asof julle self ook mishandel word."**
**Hebreërs 13:3 (1983)**

**Sien hoe jou gebede en geskenke vervolgde Christene in 2019 bemoedig het…**







# Jy plaas God se Woord in gelowiges se hande

Jou vennootskap het verseker dat die aflewering van Bybels in 2019 steeds die kern van Geopende Deure se bediening is.

Die Bybel is onwettig in baie lande, wat dit uiters moeilik maak om 'n kopie te kry. **Jy het gehelp om Bybels aan miljoene gelowiges te voorsien – selfs in die wêreld se gevaarlikste plekke soos die Persiese Golf en ander gebiede met beperkings.**

Een groep Bybel-smokkelaars wat God se Woord na die Midde-Ooste geneem het, sê: *"Ons het gereis met tasse wat halfvol Arabiese Bybels was."* Hulle het hierdie waardevolle "geskenke" namens vriende soos jy aan plaaslike kerke oorhandig en gesê: *"Dit was hartroerend om deel van 'n kerkdiens te wees met sowat 80 gelowiges, wat almal vanuit 'n Moslemagtergrond kom."*

Die Woord van God lei mense tot verlossing in Jesus, en vertroos vervolgde gelowiges in tye van vrees en krisisse – danksy jou ondersteuning!




- **59%** Christelike literatuur en hulpbronne
- **25%** Opleidingsmateriaal
- **14%** Bybels
- **2%** Ander (Preproduksie, toerusting ens.)

**"Ons is dankbaar vir die Christelike literatuur wat ons gereeld ontvang... Ons het nou genoeg in Arabies en Frans. Dankie dat jy ons help."**

**– Kerkleier, Midde-Ooste**

# Jy het die Kerk toegerus om sterk te word

Wanneer mense intense vervolging vir hul geloof ervaar, is daar ŉ risiko dat hulle hul rug op Jesus sal draai.

**Jy het gehelp om kwesbare gelowiges te versterk deur dissipelskapsopleiding, vervolgingsvoorbereidheid-opleiding en traumaberading. Jy het ook gehelp om kerkleiers deur teologiese en pastorale opleiding toe te rus.**

Samir is een van die nuwe kerkleiers in Algerië wat jy help oplei het. *"Die opleiding het my gehelp om God beter te leer ken,"* sê hy. *"Ek kan nou my Godgegewe talente gebruik om my broers en susters te dien en om meer doeltreffend in Sy Koninkryk te wees."*






- **35%** Bybelonderrig
- **26,4%** Ander
- **21%** Dissipelskapsopleiding
- **16,6%** Vervolgingsvoorbereidheid-opleiding
- **1%** Traumaberading




**"Die opleiding het my gehelp om God beter te leer ken."**
**– Samir, Algerië**





# Jy het gelowiges soos Lalita help oorleef




- **66%** Noodleniging
- **17%** Gemeenskapsontwikkeling
- **12%** Maatskaplike dienste
- **3%** Lewensbestaan
- **2%** Ander

**"Nou is ek ŉ professionele kleremaker en verdien ek meer." – Lalita, Indië**

Jy het in 2019 talle arm Christene gehelp om selfonderhoudend te word. Dit sluit in Christen-weduwees, gelowiges wat uit hul huise verjaag is en ander slagoffers van vervolging.

**Jy bemagtig onderdrukte gelowiges deur lenings, geletterdheid- en beroepsopleiding volgens Bybelse beginsels, om inkomste te genereer en om hul onafhanklikheid en waardigheid te herstel.**

Jy het gehelp om vervolgde gelowiges, soos Lalita in Indië, op te lei in kleremakery. Sy sê: *"Ek het drie kinders en my man is ŉ dagloonarbeider. Sedert ons Christene geword het, word ons sosiaal uitgesluit en word daar teen ons gediskrimineer. Ek was nie goed opgelei nie, so ek kon slegs as ŉ huishulp werk en die betaling is swak. Nou is ek ŉ professionele kleremaker en verdien ek meer."*

Gelowiges op ander plekke is weer in boerdery, timmermanswerk, haarkappery en ander vaardighede opgelei. Jou ruim ondersteuning het families gehelp om ŉ standvastige toekoms te bou!

# Jy het gelowiges in nood vertroos


## *– soos die bomslagoffers in Sri Lanka*

In tye van tragedie en nood, moet jy weet dat jy nooit alleen is nie. Dit is die vertroosting wat jy in 2019 aan verwonde gelowiges gegee het.

**Deur persoonlike besoeke, briewe en kaartjies het jy die fisiese teenwoordigheid verskaf wat ons broers en susters in krisistye nodig het.** Jy het Geopende Deure-medewerkers gestuur om fisies by gelowiges in hul huise te wees, vir hulle te bid en hulle te vertroos.

**Ná die tragiese Paassondag-bomaanvalle in Sri Lanka verlede jaar**, het pastoor Roshan sy diepe dankbaarheid betoon vir vriende soos jy, wat die Zion-kerk bystaan om hul lig in donker tye laat skyn. Elke brief, woord van bemoediging en gebed het hul harte bereik en het hulle geseën. Hy deel die volgende boodskap:

> *"Ek wil elkeen van julle bedank. Ek ken jou nie persoonlik nie, maar die Here ken jou. In ons tyd van gebrek, het ons niemand aan ons kant gehad nie. Julle almal was egter aan ons kant."*




- **93%** Ondersteuning/bystand
- **5%** Teenwoordigheidsbediening
- **2%** Noodleniging

**"Sri Lanka het van ons vergeet, maar jy het nie." – Pastoor Roshan, Sri Lanka**





# Jy het namens die stemloses gepraat

Gelowiges word in talle lande deur owerhede vervolg – maar jy het gehelp met veldtogte om godsdienstige onderdrukking wêreldwyd te ontbloot.

Jy het ook voorspraak gemaak vir gelowiges soos Imeldo, wat dringend regshulp benodig het om hul vryheid en geloof te verdedig.

Nadat Imeldo die Evangelie gehoor het, het hy na Oaxaca, Mexiko, teruggekeer om die goeie nuus met sy familie en bure te deel. Hy het dienste in ŉ klein kerkie gehou wat op sy familie se grond gebou is.

Gemeenskapsleiers het egter Imeldo se kerk vernietig en hom uit sy huis gesit. Hy is die afgelope tien jaar met ŉ regstryd besig en kon eindelik nou na sy mense terugkeer.

**Danksy jou ondersteuning kon Imeldo sy stryd voortsit.** ŉ Regter het uitspraak gelewer dat hy skadevergoeding moet ontvang omdat hy onregmatig uitgesit is. Hy sien nou daarna uit om weer deel van sy gemeenskap te word sodat hy Jesus se liefde kan deel.

**14 829**
**Christene deur Voorspraak ondersteun**

**"Geopende Deure het my las verlig... Ek sien groot veranderinge." – Pastoor Imeldo, Mexiko**





# 60-sekonde getuienisse

**Inperkings is in talle lande wêreldwyd ingestel om die verspreiding van COVID-19 te probeer keer. Ondanks hierdie inperkings help jou ondersteuning ons vervolgde familie om sterk te staan.**

**Daarom wil ons graag ŉ paar getuienisse deel oor hoe jou ondersteuning hulle versterk om sout en lig in hul gemeenskappe te wees:**

## Indië: Voorsiening



Sommige gebedsgroepe wat deur Geopende Deure-vennote gevestig is, voorsien voedsel aan die gemeenskappe wat hulle oor hul geloof vervolg het. *"Hierdie Christene is baie arm, maar hulle kon geld spaar omdat ons hulle meer daaroor geleer het in ons opleiding. Hierdie spaargeld, saam met Geopende Deure se ondersteuning en bydraes van Christene uit groter kerke, help hulle om armer mense in hul gemeenskappe by te staan,"* sê Akash*, ŉ Geopende Deure-vennoot.

## Golf: Beskerming



Jou ondersteuning help Christelike gesondheidswerkers om veilig op die frontlinies van hierdie pandemie te werk. ŉ Vennoot van Geopende Deure, ALIVE, het ŉ veilige en wettige manier gevind om beskermende klere aan Christen-verpleegsters te voorsien. Hoewel hulle na koronavirus-pasiënte omsien, ontvang dié verpleegsters geen beskermende klere nie. *"Dankie dat julle na ons toe gekom het… Julle het vir ons gewys aan wie ons behoort deur in Christus se Naam hierheen te kom. Ons het niemand behalwe Hom nie,"* sê een verpleegster.

## Indonesië: Vaardigheid



Naomi het opleiding in kleremakery, brei en die maak van vroue-bykomstighede, asook ŉ naaimasjien, ontvang by ŉ Geopende Deure-opleidingsentrum vir vroue. Sy gebruik nou dié vaardighede om haar gemeenskap van maskers te voorsien. *"Ek is dankbaar dat ek hierdie vaardighede kon aanleer, aangesien dit nou ŉ seën vir ons gemeenskap is. Dankie, Geopende Deure."*

*Verteenwoordigende foto's gebruik en name verander vir sekuriteitsredes.

# VANUIT JAN SE PERSPEKTIEF

Liewe vennoot van die vervolgde Kerk

Christene in verskeie lande in Suid-Asië maak op daglone staat. Baie het egter hul inkomste weens die COVID-19-pandemie verloor en beleef nou haglike omstandighede omdat hulle nie basiese benodigdhede vir hul families kan koop nie. Gemeentes kan ook nie meer hul pastore se salarisse betaal nie.

Ongelukkig hou vervolging aan tydens die pandemie. In een land word Christene met minagting behandel deurdat op hulle gespoeg word wanneer hulle regeringskospakkies wil gaan haal. Geopende Deure ondersteun hierdie mense met kos. *"Deur dit te doen, gee ons hulle menswaardigheid aan hulle terug,"* sê ons kontak in hierdie land.

Almal beleef nou moeilike tye. Ons het die afgelope tyd in ons eie land ervaar hoe dit voel om nie vir samesyn bymekaar te kan kom nie. Dit gee ons 'n blik op ons vervolgde familie se daaglikse lewens.

Gelukkig is ons as die Liggaam van Christus nie alleen nie. Ons is omring met die gebede van ons broers en susters regoor die wêreld.

Ons is dankbaar dat, ongeag wat gebeur, ons vervolgde familie deur jou gebede en ondersteuning versterk word. Dit is duidelik uit die impak wat jy in 2019 in hul lewens gemaak het (sien bl. 5-10).

Danksy die goeie wat jy help bring het in hul slegte situasies, is daar bemoedigende tekens dat die Evangelie inderdaad versprei, veral in dominante Moslem-gebiede. En gelowiges staan moedig sterk vir Christus te midde van toenemende teenkanting.

Mag ons daaraan herinner word dat God sal voorsien, omdat ons ons hoop op Hom vestig terwyl ons mekaar deur ons gebede help (2 Korintiërs 1:11). Hy sal ons hierdeur dra, soos wat hy al soveel kere vantevore gedoen het.

Kom ons hou aan om vir ons broers en susters in Christus te bid, soos wat hulle vir ons ook bid. Kom ons staan saam as die Liggaam van Christus, terwyl ons mekaar op elke denkbare manier ondersteun.

Saam in Sy diens

Jan



Jan Gouws
Uitvoerende Direkteur
Geopende Deure Suider-Afrika

**Posbus 1771, Cresta, 2118**
**T** +27 11 888 9341
**F** +27 11 888 9362
**E** southafrica@od.org
**I** www.opendoors.org.za

**Open Doors South Africa**

Bankbesonderhede: Suid-Afrika, **Geopende Deure - Open Doors, ABSA - Northcliff (632005), Rekeningnr. 160340568**
**Geopende Deure - Open Doors, Nedbank Besigheidsrekening (198765), Rekeningnr. 113 750 4552**
Bankbesonderhede: Namibië, **Open Doors Namibia, Nedbank - Windhoek (461609), Rekeningnr. 1-2000-23847-1**
(Faks asseblief die bewys van betaling na: **+27 11 888 9362**)
Saamgestel deur Geopende Deure Suider-Afrika.
Inligting korrek by ter perse gaan. Geen reproduksie sonder toestemming nie. Kontak Milandré by milandreh@od.org
**REG # 2004/023397/08 | Drukwerk deur Resolution Litho**